# Jacobus Coetsee: Die Boerepionier van Groot-Namakwaland

deur

N. A. COETZEE

JACOBUS COETSEE [1] was een van die merkwaardigste persoonlikhede in ons pioniersgeskiedenis. sy reise in die binneland behoort nie alleen deur die direkte en verwante nageslag, maar deur die hele Boerevolk in ere en dankbare herinnering gehou te word. Hy was die eerste blanke wat met amptelike toestemming van die owerheid die Oranjerivier oorgesteek het om tot verby die teenswoordige Warmbad in Suidwes-Afrika deur te dring, en dit reeds so vroeg as die jaar 1760, skaars honderd jaar na die vestiging van die volksplanting aan die Kaap. Om die interessante gegewens en ontdekkings soos deur hom by sy terugkeer aan die Kaapse Owerheid meegedeel te bevestig, het die goewerneur Ryk Tulbagh, met die toestemming van die Here XVII, in 1761 'n behoorlik toegeruste ekspedisie na dieselfde landstreke uitgestuur. By hierdie geleentheid het Jacobus Coetsee as gids en tolk opgetree. Hy het as kenner van die binnelandse reisprobleme en inboorlingrasse sulke waardige dienste gelewer om die reis se sukses te verseker dat tot ongeveer sover as die teenswoordige Keetmanshoop deurgedring kon word. Hy kon die moeilike Nama-taal met sy keel- en klapklanke goed praat, sodat hy homself ook verstaanbaar kon maak tussen die Groot-Namakwas oorkant die Grootrivier (of Gariep), wat eers jare later die naam Oranjerivier sou kry.

In die Ryksargief in Den Haag berus die „Relaas", naamlik 'n mondelinge mededeling wat deur Jacobus Coetsee by sy terugkeer van die eerste reis verstrek en voor twee getuies deur die Sekretaris van die Politieke Raad in die Kasteel die Goeie Hoop aan die Kaap op 18 November 1760 aangeteken is.[2] Hierdie „Relaas" is deur E. C. Godèe-Molsbergen gepubliseer.[3] In 1935 is die oorspronklike teks deur die Van Riebeeckvereniging in Suid-Afrika uitgegee, voorsien van 'n Engelse vertaling en met inleiding en aantekeninge deur dr. E. E. Mossop.[4]

(1) Spelling: In V.R.S. No. 15, bl. 76 Coetsé, bl. 276 Coetsee.
In V.R.S. No. 28, bl. 93 Coetse.
In die Ruigtefontein-familieregister deurgaans Coetce.
In C. G. de Villiers se „Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien", Deel I is spelling oorspronklik Coetsee, vgl. bl. 156. Later verskyn ook Coetzee, vgl. bl. 157, 158, in dieselfde familiestamboom.
Spelling veral na die Engelse Oorlog 1899 — 1902 Coetzee.
Verandering van spelling verdien verdere navorsing.

(2) Kol. Archief No. 4206, fol. 236-241.

(3) „Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandsche Tijd", Deel II, (Den Haag, 1916) bls. 18-22.

(4) V.R.S. No. 15, bls. 276-291.

Die oorspronklike joernaal van die kort daaropvolgende ekspedisie van 1761-62 onder leiding van kaptein Hendrik Hop, vind ons ook in Den Haag. Dit is twee keer in Hollands, twee keer in Duits en ook in Frans gepubliseer. Dit bly een van die vroegste en belangrikste geskrifte oor die etnologiese en topografiese toestande van daardie tyd in die Noordwestelike Kaapkolonie, Klein-Namakwaland, die vallei van die Oranjerivier met sy sytakke en Groot-Namakwaland oorkant die rivier en verskaf die eerste inligting omtrent Damaraland en Sentraal-Suidwes-Afrika van vandag. In 1947 is die oorspronklike teks deur die Van Riebeeckvereniging gepubliseer, voorsien van kort aantekeninge deur dr. E. E. Mossop oor die lede van die geselskap wat die reis meegemaak het, benewens 'n kort lewenskets van Jacobus Coetsee.(5)

Jacobus Coetsee was die kleinseun van die stamvader Dirk Coetsee wat in 1679 uit Holland aan die Kaap geland het en in 1722 op sy landgoed Coetsenberg te Stellenbosch oorlede is.(6) Jacobus was die vierde seun, die sesde kind van Johannes Coetsee en Anna Elisabeth Paling, en is op 8 Oktober 1730 te Stellenbosch ten doop gebring. As jong seun het hy saam met sy ouers, broers en susters getrek na die Piketberge waar sy vader saam met ander van sy broers woon- en weiregte onder die leningsplaasstelsel van die Kaapse regering verkry het. Op agtienjarige leeftyd het sy vader hom na Stellenbosch gebring by geleentheid van die jaarlikse „Optrek en Wapenschouwing" om hom volgens regulasie vir militêre diens aan te meld.(7) Dit het hom verplig om nou jaarliks die militêre oefeninge mee te maak, maar die groot afstande en pionierswerk in die verre binneland sou dit verhinder. Reeds die volgende jaar word hy as afwesig aangedui op die monsterrol van sy regiment van berede burgers, die Compagnie Invalides.(8)

Sy militêre diens sou Jacobus Coetsee egter vir die nageslag onbewus lewer deur die binneland oop te maak al moes hy ook volgens die regulasies deur die Kaapse owerheid beboet word vir sy afwesigheid van die milisie-oefening. So af en toe sou hy uit die verre hinterland Stellenbosch besoek, soos in die geval van die „Optrek en Wapenschouwing" wat op 30 Oktober 1760 onder bevel van kaptein Hendrik Hop aldaar plaasgevind het.(9)

Dit was by hierdie geleentheid dat die vertelling van sy ontdekkingsreis, wedervarings en olifantsjag tot ver oor die Groote Rivier in die noorde, die belangstelling en fantasie van die medeburgers en toeskouers gaande gemaak het. Die romantiek daarvan het miskien by kaptein Hendrik Hop die gedagte

(5) V.R.S. No. 28, bls. 1-71, en bls. 93-95.

(6) Jacobus Coetsee (gedoop 8 Oktober 1730 te Stellenbosch, gehuud 6 Januarie 1754 met Maria Margaretha Cloete); seun van Johannes Coetsee (gebore 1 Feb. 1688, gehuud 15 Oktober 1713 met Anna Elizabeth Paling [Paal]); seun van Dirk Coetsee (gebore 1655, Stamvader, in S.A. aangekom 1679, eienaar van plaas Coetsenberg, Stellenbosch 1682, in Kerklike bediening 1685, Heemraad 1687, Kaptein van die Stellenbosch Infanterie 1706, gehuud met Zarah Jacobsz van der Schulp.

(7) J. 164 (Kaapse Argief) Generaal Monster-Rol der E. Compagnien aan Stellenbosch en Drakenstein, 1748.

(8) *Ibid.*

(9) J. 168 en J. 169 (Kaapse Argief) Monster-Rollen der Compagnien van Stellenbosch en Drakenstein, 1757-1766.

laat ontstaan van 'n goed toegeruste navorsingsekspedisie na die landstreke vyf-al met sy ossewa en Hottentotbediendes rondgetrek het. Hy het Jacobus Coetsee of seshonderd myl die binneland in, waar die dertigjarige jongman op sy eentjie aangemoedig om sy „Relaas" aan die Kasteel in die Kaap te gaan meedeel, wat dan ook 18 dae later geskied het.

Met rykdom was hy as jong man nie bedorwe nie; hy moes met niks begin. In 1753 toon sy opgaaf dat hy net 'n perd besit.[10] Wat 'n rykdom was dit egter vir die boerseun! In die binneland met volop wild om van te lewe, was dit genoegsame kwalifikasie vir 'n fris, lewenslustige jongman van 23 jaar om te trou!

In 1754 is hy dus met Maria Margaretha Cloete getroud.[11] Sy bruid was die dogter van Gerrit Cloete (d'oude) en Hubrecht Slabbert. Maria se grootoupa, Gerrit Cloete, het in 1652 saam met Van Riebeeck aangekom, en was een van die eerste vryburgers wat van 1657 aan die Liesbeeckrivier 'n nuwe en vrye volk op Suid-Afrikaanse bodem gevestig het.

Deur hierdie huwelik het Maria haar lot ingewerp in die moeilike lewe van 'n pioniersvrou en -moeder, en sou sy 'n halwe eeu lank die lief en leed van haar man deel in die woeste wêreld wat hulle as veeboere op die voorposte van die beskawing vir die nageslag moes makmaak. Jacobus Coetsee sou haar by twee geleenthede aan die sorg van haar vader toevertrou terwyl hy die onbekende wildernis intrek as olifantsjagter en ontdekkingsreisiger tot ver noord van die Groote Rivier.

Haar suster Francina Cloete was getroud met Hendrik Krüger,[12] 'n egpaar wat voorbestem was om die direkte voorsate te wees van 'n nakomeling in die vyfde geslag, die latere president Stephanus Johannes Paulus Kruger.[13]

(10) J. 167 (Kaapse Argief). Opgaaf Rollen.

(11) Francina Cloete (gedoop 7 Sept. 1732, gehuud met Hendrik Kruger); Maria Margaretha Cloete, (gedoop 13 Mei 1736, gehuud met Jacobus Coetsee) — beide dogters van Gerrit Cloete (d'oude) (ged. 2 Maart 1710, gehuud 2 Sept. 1731 met Huibrecht Slabbert, woonagtig Olifantsberg aan de Blaauwberg, en de Zoute Kloof, de Verloren Vallei en Groote Drift, gelegen achter de Piketberg) — seun van Jacob Cloete, (gedoop 3 Nov. 1675, gehuud met Francina Viljoen) — seun van Gerrit Cloete, burger te Stellenbosch, gehuud 26 Aug. 1674 met Catharina Harmans, van Middelburg, Holland) — seun van Jacob Cloete (van de Kempen) saam met Jan van Riebeeck geland 1652, een van die eerste Vryburgers 1657 aan die Liesbeeckrivier.

(12) Hendrik Krüger (gebore 17 April 1724), gedoop 8 April 1725, gehuud met Francina Cloete (gebore 29 Julie 1732) Hendrik Krüger is oorlede 1794 te Brandkraal, Rhenosterberg. Francina is oorlede in 1811 op Visgat, Graaff-Reinet. — Hendrik was seun van Jacob Krüger (van Berlyn en Zadenbeck, Duitsland, gebore 1686, aan die Kaap geland met skip *Middelwoud* 1713, aanvanklik boerkneg by Ernst Mostert van Brakkekuil, Blaauwberg). Gehuud met Johanna Kemp, in 1691 aan die Kaap gebore en in 1779 op Oranjefontein in die Roggeveld oorlede.

(13) Stephanus Johannes Paulus Kruger (gebore 10 Oktober 1825, gedoop 19 Maart 1826 te Cradock, Staatspresident van die Zuid-Afrikaanse Republiek, oorlede Clarens, Switserland, 14 Julie 1904) — seun van Casper Jan Hendrik Kruger (gebore 10 Mei 1801, gedoop 10 Nov. 1801, gehuud met Elsje Francina Steyn) — seun van Stephanus Johannes Kruger (gebore 4 Maart 1777, gedoop 15 Maart 1778, gehuud met Sophia Margaretha Steenkamp) — seun van Gerrit Kruger (gedoop 21 Mei 1750, gehuud met Susanna Lasya Buys) — seun van Hendrik Krüger en Francina Cloete. (Sien aantekening 12).

Gelukkig vir die twee susters het die twee swaers saam in 1761-62 aan die Hop-ekspedisie tot aan die grense van Damaraland deelgeneem. Die gemeenskaplike liefde vir die avontuur en vir die wye onbekende van 'n eie vaderlandsbodem het die grondslag gelê vir 'n lewenslange kameraadskap tussen die twee swaers.

In dieselfde jaar as sy huwelik word aan Jacobus Coetsee die woon- en weiregte van Bosjesman's Kloof aan die suidelike uitloper van die Piketberg toegeken.(14) In 1757 toon sy opgaaf dat die egpaar 'n dogter, Huibrecht, ryker geword het. Hulle besittings bestaan nou uit 2 perde, 90 beeste, 100 skape, 'n geweer, pistool en swaard.(15) Op 15 September 1758 word die woon- en weiregte van die plaas Klipfontein aan die suidwestelike hoek van die Piketberge aan Jacobus Coetsee toegeken. Hierdie plaas is toe juis net deur sy oom, Cornelis Coetsee, ontruim en hy kon reëlings tref om dit oor te neem. Dit lê aan die westelike kant van die berg en vandag is die dorpie Aurora op 'n gedeelte daarvan geleë. Die plaas word deur die egpaar tot 1803 bewoon. Die fontein waarna die plaas vernoem is, was reeds goed bekend as uitspanplek vir alle reisigers. Olof Bergh het op sy reis in 1682-83 aan die „Coele Klipfontein" uitgespan en in 1752 het die Abbé de la Caille, die beroemde sterrekundige, op dieselfde plaas die afmeting van een lengtegraad vanaf die hoek van Adderleystraat en Strandstraat in Kaapstad voltooi.(16) Die plaas Klipfontein is vandag weer in die hande van Coetzee's, maar hulle is nie direkte afstammelinge van Jacobus Coetsee nie. Volgens 'n onlangse skrywe van die huidige eienares borrel die fontein se koel waters vandag nog tussen die twee groot klippe uit en is 'n soort muurtjie daarom opgesit.

Op 14 Julie 1760 het Jacobus Coetsee met skriftelike toestemming van die goewerneur Ryk Tulbagh vanaf Klipfontein met twee ossewaens en twaalf van sy eie Grigriqua-Hottentotbediendes op 'n olifantjag na die noorde vertrek. Onder andere word hy begelei deur Claas Barends, 'n Goenjeman (Gonnema)-Hottentot wat ook die volgende jaar aan die Hop-ekspedisie deelgeneem het.(17) In 1779 vergesel hierdie kranige inboorling ook vir Jacob Wikar, die Sweedse deserteur, wat as banneling vir 'n geruime tyd langs die Oranjerivier rondgeswerf het.(18) In sy dagboek maak Wikar hier en daar melding van wat Claas Barends aan hom van Jacobus Coetsee, sy eertydse merkwaardige baas, meegedeel het.(19)

Die geselskap gaan verby die Heerenlogementgrot, steek die Olifantsrivier oor, en kon twee olifante neertrek voordat hulle die Groenrivier bereik, die enigste twee wat die jagtog opgelewer het. Dit bly 'n vraag of die olifantjag nie net bloot as verskoning gedien het om die amptelike toestemming van die goewerneur te verkry nie, en dat hierdie wakker jongman aangevuur was deur die verlange om die onbekende in die verre noorde te verken.

---

(14) Oude Wildschuttenboek. Vol. 13, bl. 627. (Kaapse Argief).
(15. Oude Wildschuttenboek S.G. 15, bl. 245. (Kaapse Argief).
(16) V.R.S. No. 12, bl. 93.
(17) V.R.S. No. 15, bl. 22.
Vedder: *Das Alte Südwestafrika*, bl. 22.
(18) V.R.S. No. 15.
(19) Ibid., bl. 59.

By die skilderagtige Kamiesberge het 'n pragtige oasis in die barre Klein-Namakwaland die oog van hierdie skerpsinnige boer getref as 'n uitstekende aanleg vir 'n plaas, min wetende dat sy eie dogter Hubrecht later hier met haar man sou kom woon, en aan haar gryse vader, nadat sy getroue eggenote hom ontval het, 'n uitnodiging sou stuur om sy oudag by haar aan huis te kom slyt.

Verder die onbekende in is die twee ossewaens oor die Buffelsrivier, verby die Koperberge, deur die verlate en skrikwekkende dooie Kaovallei tot aan die oewers van die Groote Rivier, waar sy vermoeide trekdiere lafenis en weiding kon verkry en sy bediendes saam met hulle baas kon uitrus. Die rivier was daardie tyd nog bekend as die Eyn of Gariep, die Hottentotbenamings, en eers in 1779 sou die Hollandse kolonel van Skotse afkoms Robert Jacob Gordon dit die Oranjerivier noem ter ere van die Hollandse koningshuis. Die benaming Grootrivier het egter deur al die jare nog nie in onbruik geraak nie.

Jacobus Coetsee was nou alreeds meer as 300 myl van sy huis af, in 'n onbekende en woeste wêreld sonder enige gebaande weë, waar die waaksaamheid teen die wilde Boesmans en roofdiere dag en nag volgehou moes word. Niemand wat die verlatenheid van die Kaovallei en hierdie onherbergsame deurgang na die Oranjerivier ken, sal die prestasie van hierdie moedige enkele blanke pionier wil verkleineer nie.

Die Groote Rivier word by die Gudaos-drif [20] oorgesteek, tans 'n halfmyl wes van die oorgang by Goodhouse. Verder moes hy sy reis omrede die moeilike terrein ooswaarts met die Oranjerivier langs en naderhand weer noordwaarts langs 'n sytak, die huidige / / Houmrivier voortsit.[21] Hy noem dit die Leeuwenrivier, weens die baie leeus wat hier aangetref is. Hierlangs word sy oog getref deur kopererts in die berge wat die rivier omsluit. 'n Paar stukke erts word deur hom afgeslaan en saamgeneem sodat dit later in die Kaap aan die goewerneur vertoon kon word. Op die vyfde dag het hy tussen die berge uitgekom naby Aluriesfontein, en voor hom het 'n groot, grasryke plato uitgestrek — die land van die Groot-Namakwas.

Die verskyning aldaar van 'n enkele witman met sy twee ossewaens en Grigriqua-bediendes was 'n onwelkome gesig vir die oorlogsugtige Bondelswart-Hottentotte.[22] In groot getal het hulle van alle kante te voorskyn gekom terwyl hulle houding allesbehalwe vriendelik en gasvry was. Dit was belemmerend vir die voortgang van sy reis, en Jacobus Coetsee moes seker maak dat sy houding en optrede geen greintjie van vrees laat deurskemer nie. Hy het geen handelsware met hom meegebring nie, hy kon hulle niks aanbied nie en moes 'n metode van optrede ontwerp om sy gesag as blanke te handhaaf in 'n see van barbare. In plaas van die kraal van die naaste opperhoof te besoek om sy toestemming vir die deurreis te vra en sy goedgesindheid of beskerming te wen, het Jacobus Coetsee sy waens net daar en dan by die naaste water uitgespan en 'n Hottentotbediende, miskien sy voorman Claas Barends, as

(20) *Gudaos,* die Nama vir „Skaapdeurgang". In Engels vervorm tot Goodhouse.
(21) / / dui in Nama 'n laterale klapgeluid aan.
(22) Gami nun (Bondelswart), die bekende stam van Warmbad.

afgesant na die naaste hoofman gestuur met die versoek dat laasgenoemde hom daar by sy waens moet kom spreek.

Gaandeweg het die hoofmanne by die waens opgedaag en aan die witman rondborstig verklaar dat sy koms in hulle land onwelkom is, ja, dat selfs sy lewe onder hulle nie sonder gevaar is nie. Hierop het Jacobus Coetsee aan hulle meegedeel, in die taal van die Klein-Namakwas wat deur hulle verstaan kon word, dat hy met amptelike toestemming van die Edele Heer Goewerneur van die Kaap gekom het met die uitsluitlike doel om olifante te jag, en dat hy geen ander bybedoelings het nie. Sy bekwaamheid om homself in hulle eie taal aan hulle verstaanbaar te maak en sy onverskrokke en forse persoonlikheid was seker van deurslaggewende betekenis in hierdie onderhandelings. Hulle het aan hom toestemming verleen om sy reis verder deur hulle land voort te sit en aan hulle onderdane opdrag gegee om die witman ongehinderd te laat.

'n Verdere dag se trek bring hom by 'n warm bron, waar hy uitspan om die eerste witman te wees wat melding maak van die bronne by Warmbad, 15 myl noord van Aluriesfontein in Suidwes-Afrika. Nog 'n dagreis verder bring hom by die Swarteberg, 'n koppie met pikswart rotse, later deur die Duitsers Bunsenberg vernoem. Hier span hy by 'n fontein uit wat hy die Rietfontein noem, en verneem van die inboorlinge wat daar verder in die binneland te vinde en te sien is. Hulle vertel hom van 'n „taanagtige" ras met lang hare wat met lendedoeke gekleed gaan wat 'n verdere tien dae noordwaarts aangetref sou word. Dit kon miskien verwys na die Bantoerasse en spesiaal die Herero. Dit is veral om na hierdie geelbruin ras met die lang hoofhare te soek wat die Hop-ekspedisie die volgende jaar uitgestuur sou word.

Maar Jacobus Coetsee het besluit om hier om te draai. Wat sy moeilikhede was, sal niemand weet nie. Miskien het sy ammunisie min geword, miskien het hy verlang na sy vrou en kinders wat in onsekerheid sy terugkoms moes afwag.[23] Hy was reeds ongeveer 450 myl van sy plaas af, die enigste witman in 'n wyduitgestrekte land wat hoe verder hoe droër geword het.

Hy reis egter nie met dieselfde pad terug nie, maar trek oos om ook 'n ander volksgroep, die Eynicquas (die volk van die rivier Eyn) op te soek wat volgens aan hom meegedeel is, groot makbokke sou besit wat aan die blankes onbekend sou wees.

Dit blyk dat kameelperde destyds in die omgewing van die Kaap tot suid van die Oranje onbekend was, want Jacobus Coetsee vertel in fyne besonderhede hoe hierdie diere lyk en probeer selfs om 'n vulletjie met semelwater aan die lewe te hou nadat sy moeder met die jag doodgeskiet is. Ongelukkig het die klein kameelperdjie net 14 dae daarna gelewe. 'n Vel kon egter aan die Kaapse owerheid getoon word. Claas Barends vertel later aan Kikar dat die Kameeldoringboom [24] sy populêre naam van Jacobus Coetsee gekry het omdat die kameelperde so graag van die blare staan en eet.[25]

Na die lang terugtog na sy tuiste op Klipfontein woon hy nog aan die einde

(23) Daar was reeds drie kinders uit die huwelik gebore. (Sien aantekening 29 op bl. 177)
(24) Acacia Giraffae, Kameeldoringboom. Nama / / Ganab.
(25) V.R.S. No. 15, bl. 59.

van dieselfde jaar die wapenskou op Stellenbosch by om sy verhaal aan die owerheid te bring.

Die dagregister van die Hop-ekspedisie meld dat die geselskap se drie waens, belaai met 'n boot, kruit en lood, tesame met al die nodige toerusting en snuisterye om te verhandel, die Kasteel op 16 Julie 1761 verlaat het, nadat al die opdragte vanaf die balkon by „die Kat" aan die reisgeselskap voorgelees is.[26] Die daaglikse gebeure word aangeteken deur Carel Brink, die landmeter, wat 'n kaart van die landstreke moes maak, terwyl die Duitse direkteur van die Kompanjiestuin, Johann Andreas Auge, saamgaan om plante te bestudeer en te versamel. Ook die chirurgyn Carel Rykvoet met sy huisapteek vergesel die ekspedisie en neem 'n klein smeltoond saam om die kopergehalte van die erts waarvan Jacobus Coetsee monsters saamgebring het te gaan toets. Die noukeurig gekose burgers wat die reis sou meemaak, het reeds vroeër plegtige beloftes gedoen om op 'n vasgestelde datum die hoofgeselskap op Koekenaap, langs die Olifantsrivier, te ontmoet. Al die lede van die geselskap het hulle belofte getrou nagekom, sodat die reis met 17 blanke persone, 68 Hottentotte, 15 waens en alles tesaam 150 trekosse voortgesit kon word. Die sekuriteit en beskerming wat so 'n goed toegeruste ekspedisie kon bied, het veel daartoe bygedra om dit vir Jacobus Coetsee moontlik te maak om sy ontdekkingswerk tydens die tog voort te sit, en ons vind dat hy voortdurend aan weerskante van die hoofroete verkenningswerk doen. Terwyl die name van die ander burgerlede van die reisgeselskap selde in die dagjoernaal genoem word, verskyn dié van Jacobus Coetsee telkemale. Sy doen en late en die berigte wat hy telkemale per draer aan die hoofgeselskap deurstuur wanneer hy vooruit verkenningswerk doen, word getrou aangeteken.

Omdat watervoorsiening in die dorre noordweste 'n aktuele probleem was, volg die trek dieselfde roete as wat Jacobus Coetsee die vorige jaar verken het, en sou verkenningswerk elke keer gedoen moes word voordat die geselskap van die een goeie waterbron na die volgende sou versit.

Op 18 September bereik hulle die Groote Rivier by Ramansdrif, waar die waens deurgeloods word, terwyl Jacobus Coetsee en Carel Brink 'n reis langs die suidoewer van die rivier onderneem om die onderloop te verken. Op Dinsdag 29 September is al die waens deur die rivier, saam met ongeveer 100 Namakwas, wat die geselskap vir beskerming nagevolg het om bekendes in Groot-Namakwaland te gaan besoek.

Op Maandag 5 Oktober bereik die tog Warmbad, waar 'n paar kameelperde geskiet word sodat die juiste mate in die dagregister aangeteken kon word. Op Sondag 11 Oktober kampeer hulle aan die Rietfontein, waar Jacobus Coetsee die vorige jaar omgedraai het. Op Maandag 26 Oktober word Jacobus Coetsee saam met twee ander burgers vooruit gestuur om die pad te verken. Op Saterdag 7 November rapporteer Jacobus Coetsee dat hy drie dae vooruit gereis het en as die geselskap hom volg hulle uit die bergwêreld op 'n gelyke grasveld sou uitkom, waar water en weiding gevind kon word. So word die trek oos van die Groot Karasberge noordwaarts gelei. Op Saterdag 21 November

(26) V.R.S. No. 28, bl. 80.

meld die dagregister „ontfingen wy tyding van Jacobus Coetsee, dat voor uit goed water gevonden was". Die trek volg hom tot aan 'n standhoudende fontein langs die Xamobrivier, die boloop van die Visrivier.

Terwyl die reisgeselskap by die water kampeer, word Jacobus Coetsee en Pieter Marais uitgestuur om die wêreld weswaarts te verken, 'n tog wat 10 dae in beslag geneem het. Hierdie twee stoere pioniers was sekerlik die eerste blankes wat die skilderagtige Visriviervallei, die „Grand Canyon" van Suidwes-Afrika besigtig het, al was dit net 'n gedeelte daarvan.[27] Miskien het hulle tot in die omgewing van die latere Keetmanshoop deurgedring. Waar hulle ook al kom, het hulle die inboorlinge uitgevra aangaande wat noordwaarts aangetref word. Hulle bring berigte van die Herero's en Bergdamaras, asook van die Bechuanas (naamlik die Bathlapingstam) wat ooswaarts aangetref sou word. Die watervoorsiening vind hulle egter onbevredigend vir die voortsetting van die tog, sodat kaptein Hop besluit om die terugreis te aanvaar. By Keerom (26° 85′ S.B.) sou hulle omdraai, ongeveer 540 myl noord van die Kaap en naby die latere Groendoorn, 100 myl verder as wat Jacobus Coetsee die vorige jaar deurgedring het.

Op die terugreis verken Jacobus Coetsee die loop van die Groote Rivier na die ooste in 'n poging om 'n gids na die Eynicquas te verkry. Die Namakwas was gewillig om hulle daarheen te begelei, mits die blankes deelneem aan 'n veldtog teen die Eynicquas. Hierdie voorstel word van die hand gewys, want reeds in die vroeë geskiedenis vind ons dat die boerepioniers die beginsel van geen-inmenging in die onderlinge geskille van die inboorlinge byna altyd handhaaf. Terwyl die trek suidwaarts beweeg, bly Jacobus Coetsee en kaptein Hop agter om trekbeeste vir die geselskap se waens te ruil ten einde die swaar verliese aan te vul. Op 23 Desember haal kaptein Hop die geselskap in, maar Jacobus Coetsee bly agter met sy wa om verder beeste te ruil. Die afskeid tussen Hop en Jacobus Coetsee vind op die walle van die Groote Rivier plaas. Laasgenoemde draai weer weg om alleen na die ooste toe deur te dring. Op 11 Maart, terwyl die hooftrek aan die Sandrivier staan, kom twee boodskappers berig dat Jacobus weer veilig aan die Groote Rivier aangekom het. Met die heenreis na die noorde was Coetsee altyd vooruit met sy wa, met die terugreis dek hy die agterhoede.

Die lewe van Jacobus Coetsee en sy familie het in die later jare waarskynlik gewissel tussen die plaas Klipfontein en die wye veld van die noorde, soos die trekgees hom pak of daar weiding vir die vee gesoek moet word. Die lief en leed van die latere lewe word net deur enkele flitse in amptelike stukke aangedui. Ander bronne is daar nie.

In 1794 toon die opgaafsyfers dat Jacobus Coetsee en Maria Cloete 20 perde, 100 beeste en 300 skape besit.[28] In 1803 lewe beide nog, want hulle name verskyn op 'n register van mans en vrouens wat deur die nuwe bewindhebbers van die Bataafse Republiek in daardie jaar opgestel is, en wat in die Kaapse Argief bewaar word. Blykbaar is Maria in 1804 oorlede.

(27) / / Oub of Groot-Visrivier. V.R.S. No. 15, bl. 76.
(28) J. 199 Lyst van Mannen en hunne Vrouwen. Kaapse Argief.

Na sy eggenote se oorlye het daar vanuit die verre noorde, uit die Kamiesberge, 'n vriendelike uitnodiging na die 74-jarige Jacobus Coetsee gekom, van sy oudste dogter Huibrecht, wat daar saam met haar man en sewe kinders gewoon het. Sy nooi haar gryse vader om sy laaste jare by hulle te kom inwoon.

Die roepstem van die verre noorde, wat hy as jongman 'n halwe eeu gelede verken en vir die nageslag oopgestel het, was vir Jacobus Coetsee sterker as alle ander bande. Hy het sy besittings in die Hantam en die plaas Klipfontein aan sy kinders oorgemaak [29] en weer sy geliefde ossewa ingespan om noordwaarts te trek. Met 'n jong hart het hy die lang reis van 200 myl in die spore van sy jeug onderneem om by sy kinders en kleinkinders te gaan woon. So het die stem van die verre binneland vir Jacobus Coetsee vir die derde en laaste maal geroep.[30]

In die opgaafsyfers van Huibrecht en haar man word aangetoon dat hul vader Jacobus Coetsee net ag osse besit.[31] Blykbaar was dit van dié osse waarmee hy die laaste groot reis van sy lewe onderneem het, en waarvan sy hart seker baie swaar afskeid sou neem.

Op sy oudag reis hy na die Kamiesberge, daar sou hy gaan rus. Vandaar sou hy 'n wye blik hê oor die Hantam in die suide, en oor die Koperberge met die groen streep van die Grootriviervallei hier en daar sigbaar in die verre verskiet in die noorde.

Die datum van sy oorlye is aan die nageslag onbekend, sy graf is die wye veld met die grootsheid van die Kamiesberge as grafsteen en enigste monument vir die eerste groot Boerseun-ontdekkingsreisiger wat Suid-Afrika opgelewer het.

*(Die skrywer verwelkom enige verdere gegewens oor die lewe van Jacobus Coetsee wat aan hom te Julius Jeppestraat 72, Waterkloof, Pretoria, gestuur kan word).*

---

(29) Uit die huwelik is 10 kinders gebore. C. C. de Villiers: Geslacht Register der Oude Kaapsche Familien, bl. 159-160, Deel I. 1. Huibrecht. 2. Anna Elizabeth. 3. Johannes. 4. Jacobus. 5. Gerhardus. 6. Dirk. 7. Anna Elizabeth. 8. Maria Margaretha. 9. Sara. 10. Jasper.

(30) V.R.S. No. 28, bl. 95.

(31) J. 200, bls. 62-63. Opgaaf Rollen voor 't district van den Veld Cornet Joh. Cornelis van der Westhuizen aan de Camiesberg in 't Namaqualand. (Kaapse Argief).

> Geflüsterte Worte haben mehr Einfluss auf die Weltgeschichte, als Schlachtschiffe und die schwersten Kanonen.
>
> — Ernst Hohenemser. (Aphorismes.)




*CENTENARY OF THE GERMAN SETTLERS OF 1857 — 1858*

*Col. the Hon. Friedrich Schermbrücker (1832 — 1904). Born in Bavaria as son of a judge; served in the Crimean War at the Siege of Sebastopol; came to the Cape Colony as ensign with the German Legion in 1857. Teacher, auctioneer, editor of Bloemfontein Express; member of the Cape Legislative Assembly; served in Basutoland, the Gaika War (1877 — 1878) and the Zulu War, member of the Cape Legislative Council after 1882; member of the Upington and Sprigg ministries; re-elected M.L.A., 1888 — 1904.*

*— (A portrait by W. H. Schröder, 1883.)*